Donderdag 22 Oktober

Skrifgedeelte: Spreuke 3:11-12

Fokusgedeelte: Spreuke 3:11-12

## Omhels die tugtiging van die hemelse Vader

Wek die roede van ons Leermeester ʼn weersin by u op? Sien u dit as enige iets behalwe "loutere vreugde" (Jak. 1:2)? Dalk meen u, Hy slaan en slaan en daar is geen verbinding nie (Job 5:18). Hoor dan weer dat hierdie houe nie tot die dood is nie. Inteendeel, Hy spaar nie sy roede nie, juis omdat Hy u innig lief het (Spr. 23:14). Die vuur van die Vader is tot reiniging eerder as veroordeling (1 Pet. 1:7). Is dit nie so dat ʼn Ander in u plek vergrys was nie (Jes. 53:5)?

Dink opnuut aan u Christus, die man van smarte (Jes. 53:4). Hy was bekend met die houe van die Vader (Sag. 13:7). Hy moes die gruwelike afsaksel van sy toorn drink (Matt. 26:39). Sy houe was tot die dood, sodat die houe wat na u kom na lewe kan lei. Hy was soos kaf verwaai (Ps. 1:4), sodat u as boom ewig geplant kan word (Ps. 1:3). Nou word u opgeroep om in u eie liggaam "die oorblyfsels van die verdrukking van Christus aan te vul" (Kol. 1:24). Neem u kruis op, gaan die tugtiging tegemoet. Wees net baie sterk en vol moed, om nougeset te handel volgens die hele wet (Jos. 1:7), want dit is die weg tot reiniging. Dit is die manier hoe die land (Jos. 1:3.4), dit is u lewenswandel, gereinig word. Daar is geen ander weg as die weg van tugtiging nie, want sonder hierdie heiligmaking sal niemand die Vader sien nie (Heb. 12:14).

Prys die Leermeester dat Hy u nou tugtig, sodat wanneer Hy verskyn u nie verskrik sal vlug nie (Op. 6:16), maar eerder sonder gebrek voor hom gestel word (Ef. 1:4). Hou hierdie komende vreugde voor u oë (Heb. 12:2), dan sal u saam met die Psalmdigter sing: "*Dit is goed vir my dat ek verdruk was, sodat ek u insettinge sou leer*" (Ps. 119:71).

*Sing: Psalm 94-1:1, 6, 7*

*Ds. BM (Marten) Boersema (Oos-Londen)*